**Maandag**
God openbaar aan alle mense sy krag en wysheid waarmee Hy besig is om sy skepping, te maak, te bestuur en te onderhou. Hierdie kennis is nie tot enkele geestelikes of slimmes beperk nie. Rom. 1: 20 God se liefde deel Hy nie met elkeen nie. Dit stort Hy net in sy kinders se harte uit. Rom. 5: 5. Wanneer ongelowiges God se krag en wysheid in alles wat Hy gemaak het, raaksien, wil hulle God se krag en wysheid hulle eie krag en wysheid maak. Geestelikes wil God se krag kry om net soos God wonderwerke te doen en slimmes wil die kragte waarmee Hy sy skepping bestuur, lewenskrag, atoomkrag, swaartekrag, magnetiese en elektriese krag, ook hulle eie kragte maak. Gelowiges wil nie God se krag hul eie krag maak nie. Hulle sien God se liefde vir sy skepping raak en eer Hom vir die liefdevolle wyse waarop Hy alles maak en onderhou. Hulle sien God is lief vir sy skepping net soos vir hulle as sy kinders.

**Dinsdag**
Die krag waarmee die Heilige Gees ons met Christus as mens in die hemel verenig sodat ons skuld, sy skuld was en sy onskuld vandag ons onskuld is, is presies dieselfde krag waardeur God sy skepping maak, bestuur en onderhou. Ef. 1: 18,19. Dit is die skeppingskrag waarmee God sy liefde in ons harte uitstort. Rom. 5: 5 – 8. As sy kinders ken ons God se skeppingskrag as sy liefde vir ons. Daarom sien ons hierdie liefde ook in alles wat Hy skep en onderhou. In alles wat ons Vader maak en mee besig is, sien ons: God is liefde! 1 Joh. 8: 8. Só sien ons God ons Vader se handewerk raak op ŉ wyse waarop net ons dit kan raaksien – Hy het sy skepping net so lief soos Hy ons lief het. In die volmaaktheid van elke atoom en molekuul, elke plant en diersel, elke lewende organisme, elke planeet, sonnestelsel en galaksie, sien ons met hoeveel liefde God ons Vader sy skepping gemaak het en met hoeveel liefde Hy daarmee besig is.

**Woensdag**
Gelowiges leef in God se liefde en eer Hom vir sy liefde, want hulle ken sy liefde. 1 Joh. 4: 16. Geestelikes ken God net vir sy goddelike krag waarvan sy skeppingwerk getuig. Rom. 1:20. Die kennis van God se krag vervul geestelikes nie met liefde vir God nie, maar die begeerte om deel van die krag van God te wees. Met selfopgemaakte stories van godservarings skep hulle godsbeelde waarin hulle God se goddelike krag deel. Rom. 1: 23. Met hierdie geestelike stories bemagtig hulle hulself om God se krag, wysheid, lewe, wil en raadsplan te ervaar asof dit hul eie krag, wysheid, lewe, drome en plan van hul lewe is. Met die drif om goddelike krag te wil ervaar, verander hulle alles wat liefde is tussen God en sy kinders na goddelike kragervarings. In alles wat liefde is, soek hulle goddelike krag – in verlossing; gebed; aanbidding; liefde; getuienis en gehoorsaamheid. Alles wat God gemaak het, vervul hulle met die begeerte om soos God te wees. (Gen. 3: 4) Gelowiges is kinders van God wat sy liefde ken, nie geestelikes wat krag soek nie.

**Donderdag**

Gelowiges ken die skeppingskragte waarmee God sy skepping vorm, bestuur en versorg – die lewenskrag van DNA molekules, die atoomkrag van atome, swaarte - magnetiese -, elektriese – en ligkrag, as God se liefde vir sy skepping. (1 Joh. 4:16). Sy kinders eer God vir sy liefde waarmee Hy met hierdie skeppingskragte besig is, net soos plaaskinders hul pa eer vir die liefde wat hy met sy masjiene in sy plaas insit. Ongelowiges is God se arbeiders en maak met God se skeppingskragte wat arbeiders met 'n boer se implemente doen. (Gal. 4:7) God leer sy arbeiders hoe om sy masjiene te gebruik, maar die oomblik as hulle hierdie kragte ken, kry hulle die houding van arbeiders dat die boer se trekker is nou iets waarmee hulle hul eie krag kan demonstreer, nie meer waarmee hulle vir hom moet werk nie. Ongelowiges eien God se skeppingskragte, sy DNA krag, atoomkrag, swaartekrag en ligkrag vir hul self toe, om hul eie krag en mag as mense mee te vertoon. Ons eer Hom daarvoor.

**Vrydag**

Christus openbaar in sy eie woorde dat Hy en sy Vader hul skepping liefhet in Matteus 6: 25 – 34. Die Here is elke dag liefdevol besig om wilde voëls wat nie saai, oes of kos in skure bymekaar maak nie, te versorg. Die Here versier elke dag liefdevol sy skepping met soveel skoonheid só dat geen pronkerige mens ooit die skoonheid van 'n veldlelie kan oortref nie. Ons herken in God se skepping, in elke blom, elke insek, elke plant, elke dier, elke planeet, sonnestelsel, melkweg en galaksie, met hoeveel liefde God sy skepping maak, bestuur en onderhou. Want ons kan die liefde wat ons hemelse Vader vir ons as sy kinders het, ook herken in die liefdevolle sorg wat Hy vir sy skepping het. God is liefde! God het sy skepping lief! Hierdie geloofsinsig oor God se skeppingswerk onderskei ons van hulle wat net hul self as mense kragtig wil maak deur hul kennis van God se skepping.

Ds. Petrus Kriel.